

'n Greep uit die video *The Stories of South Africans the President Didn't Want to Hear* waar mev. Leenette Snyman deur haar dogters getroos word. Hul man en pa, mnr. Kobus Snyman, is verlede maand in 'n huisrooftog in Midrand doodgeskiet.

Die Zuma wat hy ken, sou briewe gevat het, sê Steve

Hilda Fourie

Die man wat hy ken, sou nie geweier het om Suid-Afrika se sowat 23 000 protesbriewe oor misdaad in ontvangs te neem nie, want die man wat hy ken, is nie 'n koue mens nie.

"As dit in sy hande was, sou hy dit self kom haal het en met mense soos Maria (Rasello, wie se dogter verkrag en vermoor is) gepraat het," het die sanger Steve Hofmeyr gister gesê oor die weiering van pres. Jacob Zuma se kantoor verlede week om dié protesbriewe in ontvangs te neem.

Die aantal briewe het sedertdien tot 40 000 toegeneem.

Solidariteit het die veldtog van stapel gestuur waarmee Suid-Afrikaners Zuma in protesbriewe vra om misdaad sy eerste prioriteit te maak. Die vakbond het ook 'n video gemaak "met die stories van mense wat die president nie wou hoor nie". Dit is gister in Centurion bekend gestel.

Hofmeyr, wat die ankeraanbieder van die video is, het gesê om die getuienis en pleidooie van misdaadslagoffers te hoor "bring dit te na aan jou en dit maak seer om dit te sien".

In die video lees Hofmeyr 'n brief aan Zuma voor wat lui dat misdaadslagoffers "met die president wat toeganklik was vir mense" wil praat.

In die brief vra mense dat die regering iets doen aan misdaad, "wat steeds buite beheer is".

Hofmeyr het al verskeie kere met Zuma gepraat en die weiering om die briewe te ontvang strook nie vir hom met wat hy van die president weet nie.

"Selfs 'n swak politikus sou die briewe gevat en dit weggegooi het. Hulle het dit nie eens gedoen nie."

Tog moet dié optrede van die president se kantoor nie mense se monde oor die probleem snoer nie, meen hy.

Hy het aan Rasello, wie se dogter, Portia, op 24 Desember 2006 aangerand, verkrag en vermoor is, gesê hy sal seker maak dat misdaadslagoffers soos sy nie doodgeswyg word nie.

"Ons het 'n land wat brand, 'n land wat in pyn is.

"Ons kan nie stem as ons dood is nie. Ons kan nie mense help as ons nie meer daar is nie," het Hofmeyr gesê.



'n Greep uit die video vertel hoe mnr. Kobus Snyman in 'n huisroftog voor sy vrou en kinders doodgeskiet is.